| Hartenbos | Posbus 902<br>HARTENBOS<br>6520 |
|---|---|
| **Vakansiedorp Huiseienaarsvereniging ...vir die lede** | **Tel : 071 784 5275**<br>E-pos: admin@hartenboshuiseienaars.co.za<br>www.hartenboshuiseienaars.co.za |

# BRIEF VANAF DIE VOORSITTER
## November 2022

**Geagte Hartenbos Vakansiedorp Huiseienaars**

Die jaar is amper verby en ons almal sien uit na die Kersseisoen en ‘n Kersvakansie saam met ons geliefdes. Die Here het ons almal geseën en dit is vir my ‘n voorreg om weer ‘n brief te kan skryf as die Hartenbos Vakansiedorp Huiseienaarsvereniging (HVHV) se voorsitter vir 2022.

Hartenbos Vakansiedorp moet een van die veiligste en mooiste plekke wees waar almal graag sal wil woon. Saam met Mosselbaai Munisipaliteit, die ATKV en ‘n goeie bestuurspan, kan huiseienaars net gelukkig hier wees.

### 1. Jaarvergadering Desember 2022

Graag herinner ek julle aan 2022 se jaarvergadering op 30 Desember 2022 om 9:00 in die saal van die Laerskool Hartenbos.

Die jaarvergadering sien ek as ‘n geleentheid waar eienaars formeel ingelig word oor die jaar se aktiwiteite en hoe hul geld gespandeer is, die geleentheid kry om positiewe voorstelle te maak tot voordeel van die HVHV en om ‘n goeie bestuurspan te kies om dit uit te voer. Graag versoek ek dat lede hulself deeglik moet vergewis van die jaar se Voorsittersbriewe.

Daar is ‘n paar goed waarvan die lede asseblief moet kennis dra. Die konsepagenda is ook tans op die webwerf beskikbaar en ek vra dat lede voor 15 Desember 2022 vir Cornea

(admin@hartenboshuiseienaarsvereniging.co.za) moet kennis gee van enige addisionele punte onder Algemeen wat u graag sou wou laat hanteer op die algemene jaarvergadering.

As ons na die wêreld om ons kyk, kan ons nie sê dat Hartenbos Vakansiedorp gevrywaar is van misdaad nie. In die jongste verlede het ons twee voorvalle in Strydomsoord gehad. Die een was ‘n gewelddadige aanranding van ‘n lid in Port Natalweg en die ander ‘n inbraak waar ‘n TV gesteel is. Om sulke voorvalle te beperk, raak dit noodsaaklik om gesofistikeerde sekerheidstelsels te implementeer.

Daar sal gestem moet word oor die voorgestelde installering van sekuriteitskameras in samewerking met die ATKV. (Sien voorsittersbrief van September.)

Is u ten gunste van ‘n sekuriteitskamerastelsel ? JA / NEE

Indien JA op bogenoemde:

a. die HVHV finansier dit uit die vaste beleggings (Padboufonds en Voorsorgfonds)
   of
b. ‘n spesiale heffing word eenmalig of maandeliks vir ‘n periode gehef
   of
c. ‘n kombinasie van (a) en (b).

Lede sal ook moet stem vir die aanvaarding van die nuwe Grondwet van die HVHV.

Alle getekende nominasievorms en getekende gedragskodes vir die Bestuur 2023 moet Cornea asseblief teen 22 Desember 2022 bereik.

**2. Hersiening van die HVHV se Grondwet**

Baie dankie aan al die lede se positiewe terugvoering aangaande die voorgestelde nuwe Grondwet wat adv. Kobus Booyens opgestel het. Die komitee het deur al die voorstelle gewerk, aanpassings gemaak waar nodig en party sake na adv. Kobus Booyens verwys vir uitsluitsel.

Ons weet die konsepweergawe is ‘n lang dokument en lede sal graag ‘n korter weergawe wou sien, maar adv. Booyens se aanbeveling is dat die daarstelling van ‘n deeglike en volledige Grondwet noodsaaklik is.

Die jongste konsepweergawe (2) sal binnekort weer op die webwerf beskikbaar te wees. Ek vra dat u dit asseblief weer noukeurig deurlees en indien u enige verdere insette wil lewer, stuur asseblief ‘n e-pos hieroor vir my of Cornea by admin@hartenboshuiseienaars.co.za binne die sperdatum.

Indien u nie saamstem met sekere punte nie, sal Bestuur dit graag met u, saam met adv. Booyens, wil uitklaar voor die jaarvergadering. Geen tyd sal beskikbaar wees op die jaarvergadering om punte met betrekking tot die voorgestelde nuwe Grondwet te hanteer nie.

Die finale Grondwet sal op die webwerf geplaas word voor die algemene jaarvergadering op 30 Desember 2022.

**3. Dalmanuthalaan**

Sien asseblief die aangehegte brief van die ATKV waarvolgens hulle my vorige skrywe aangaande die verkeersirkel en padwerke ondersteun.

**4. Grassny en Sekuriteit**

Ons is bewus daarvan dat die program vir die bespuiting van onkruid nog nie afgehandel is nie.

Voorsiening word gemaak vir ‘n addisionele sekuriteitsbeampte gedurende die feesseisoen.

**5. Finansiële state en begroting vir 2023**

Die Finansiële state tot September 2022 is voltooi, geouditeer en op die webwerf beskikbaar. Die begroting vir 2022/2023 is ook daar beskikbaar.

Ek kan met trots sê dat Bestuur die opgeloopte uitstaande debiteurebedrag van R138 000, soos gereflekteer in die ouditverslag, intussen tot R87 000 kon verminder. Hierdie

oorblywende uitstaande bedrae is tans by die prokureurs vir invordering.

Baie dankie aan al die lede wat reeds vooruit hul 2023-heffings betaal het.

**6. Matrieksaamtrek**

Lede wat hul huise vir die Matrieksaamtrek in Desember vir huisvesting beskikbaar stel, bly verantwoordelik vir die nakoming van die gedragsreëls van die HVHV. Ons wil graag almal die tydjie saam met hulle geniet.

**7. Promosie-items**

Bestuur ondersoek die moontlikheid om HVHV-promosie-items teen bekostigbare pryse aan lede beskikbaar te stel. Dit sluit sambrele, hemde, handdoeke en pette in. Meer inligting hieroor sal later gegee word.

**8. Vullisverwydering**

Die HVHV het weer gereël vir 3 addisionele vullisverwyderings op Vrydag 23 Desember 2022, 30 Desember 2022 en 7 Januarie 2023. **(Slegs swart sakke met huishoudelike afval.)**

Die Munisipaliteit doen nog steeds hul normale vullisverwydering. Sorg asseblief dat u die regte afval in die regte sakke plaas. Hou al u sakke binne u EIE erf. Eers na sononder die aand voor die verwydering daarvan plaas u die sakke voor u erf op die sypaadjie. Op Maandae word groen sakke met tuinafval en blou sakke met herwinbare afval, soos papier, plastiek, glas en blikke opgelaai. Op Dinsdae word die swart sakke met huishoudelike afval en polistireen opgelaai. Die Munisipaliteit sal GEEN sakke verwyder wat die verkeerde inhoud bevat nie.

**9. Toegangshekke en spoedwalle : Karoodorp**

Hierdie aangeleentheid staan oor vir die 2023-Bestuur om die saak verder te neem en ‘n bepaling daaromtrent te maak.

**10. Brandweer**

Sien asseblief aangeheg die brief vanaf die Brandweer aan die HVHV en hul aanbevelings. Kortliks:
(a) Die strate is moeilik toeganklik as gevolg van oorhangende takke. HVHV sal oorweeg om in 2023 die oorhangende takke te snoei tot 5 meter hoog om brandweervoertuie deur te laat.
(b) Eienaars moet gereeld hul elektriese konneksies op dakke nagaan.
(c) LP Gas-konneksies moet gereeld nagegaan word. Die maksimum toelaatbare hoeveelheid gas binne 'n huis is 19 kg.
(d) ‘n Minimum van 1 x 4.5 kg DCPP-brandblusser per wooneenheid word aanbeveel.
(e) Elke huis moet ‘n noodplan met noodnommers op ‘n sigbare plek vertoon.

Die HVHV is in gesprek met diensverskaffers om vir lede ‘n goeie prys te beding vir bogenoemde, asook vir die jaarlikse diens van die brandblussers. Verdere inligting hieromtrent sal later deurgegee word.

**11. Ombudsman**

Dit spyt my om u mee te deel dat ‘n lid van die vorige Bestuur, sowel as die huidige Bestuur, Lukas van Niekerk, die legitimiteit van die huidige Bestuur van meet af aan betwis en onlangs ‘n dispuut aanhangig gemaak het by die kantoor van die Ombudsman. Die saak is tans in die hande van die Ombudsman en hopelik sal uitspraak gegee word voor die jaarvergadering op 30 Desember 2022.

Ons wens u sterkte toe vir die res van die jaar en ‘n baie geseënde Kersfees.

Vriendelike groete

Frans Stapelberg

18 November 2022

Die Voorsitter
**Hartenbos HEV**
Hartenbos

Beste Frans

**GESEËNDE KERS- EN VAKANSIESEISOEN**

Nog ŉ jaar het verby gesnel. Een waarvoor ons maar versigtig was want die Suid-Afrikaanse ekonomiese- en politieke omgewings maak dit moeilik en selfs onmoontlik om langtermyn te beplan. Dit sal sekerlik ook die trant wees vir 2023 en nog paar jaar wat gaan volg.

Op ŉ meer positiewe noot, dit is op die vooraand van die Kersvakansie wat weer vanjaar baie besig gaan wees in die Hartenbos en Mosselbaai omgewing. Alles dui daarop dat die strande ŉ groot aantrekkingskrag is, veral met probleme wat ondervind word met skoon en veilige strande aan die KwaZulu-Natalkus.

Ons kon nie vanjaar vorder met uitbreiding en ontwikkeling by Hartenbos Seefront nie maar hoop om verdere uitbreiding en vul van oop ruimtes in 2023 suksesvol aan te spreek. Delmanuthalaan is hoog op ons beplanning vir Februarie 2023 en is slegs onderworpe aan Munisipale goedkeuring om opgradering af te handel.

Die beplande opgraderings by die Hartenbos Strandoord is afgehandel en kan met groot sukses vanjaar aangewend word gedurende vakansieperiode.

Die ATKV sal ook graag in 2023 die Wandellaan wil voltooi. Ons moet vroeg in nuwe jaar die beplanning daarvoor finaliseer.

Ek neem die vrymoedigheid om aan die Hartenbos HEV-bestuur, en eienaars ŉ baie geseënde Kerstyd toe te wens saam met families en vriende. Hoop dat dit ŉ wonderlike rustyd sal wees om weer die batterye te laai vir ŉ opwindende en uitdagende 2023.

Voorspoed en veilig wees.

Vriendelike ATKV-groete

***SCHALK CILLIERS***

ATKV-Sake (RF) (EDMS.) BPK. Registrasienommer 2011/006620/07
ATKV-gebou, Surreylaan 348, Randburg; Posbus 4586, Randburg, 2125
Tel.: 011 919 9000 Faks: 011 919 0215
Webwerf: www.atkvoorde.co.za E-posadres: oordedigitaal@atkv.org.za

Direkteure: mnr. DW Lotter (voorsitter) mnr. SW Cilliers* (besturende direkteur)
mnr. PA Geldenhuys prof. E Slabbert mnr. MW Schoeman mnr. CO van der Rheede
mnr. JC Schoeman* (maatskappysekretaris: ATKV-Groep) (*uitvoerend)

Middag . Gideon

Met inspeksie van Karoo dorp Hartenbos is die volgende probleme gevind

- Alle bome wat oor die straat oppervlakte groei moet gesnoei word tot op 'n hoogte van 5 meter, die paaie is baie smal en die brandweer voertuie pas net in die paaie.
- <u>**Strate is soos volg**</u>
- Konga laan
- Gamka laan
- Diamantveld laan
- Gras veld laan
- Duine laan
- Kamdebo laan
- Spandoukop laan
- Aliwal suid laan
- Gouritz laan
- Majuba laan
- Radyn straat
- Sandrivier weg
- Rooikrans laan
- Manatoka laan
- Melkhout laan
- Harts laan
- Sandrivier laan
- Port Natal weg
- Daar is twee strate waar daar elektroniese hekke op is en ons nie toegang kon kry nie, die strate is Grens veld laan en Kamdebo laan.

<u>**Aanbeveling:**</u>

- Elektriese konneksies op die dak moet moet gereeld nagegaan.
- LP Gas konneksies wat veral buite staan moet gereeld nagegaan word, die rubber pype en regulator kan later verbrokkel, wetgewing ( SANS 087 deel 1) bepaal dat binne in `n woonhuis tot 19kg LP gas toelaatbaar die res tot 48kg buite, in `n veilige plek vasgemaak.
- Voorsien 1x 4,5kg DCP brandblusser by elk van die woon eenhede / huis
- Voorsien elke eenheid / huis van `n noodplan met die nodige noodnommers en plaas dit op `n sigbare plek.

Dankie.

Mossel Bay
MUNICIPALITY

**Kobus van der Mescht**
**Station Commander(Fire, Rescue and Disaster Management Services)**
101 Marsh Street, Mossel Bay
Email: kvandermescht@mosselbay.gov.za
Web: https://www.mosselbay.gov.za
Tel: +27 44 606-5034
Cell: +2784 623 1216

IRONMAN 70.3 MOSSEL BAY SOUTH AFRICA
AFRICAN TRICLUB CHAMPIONSHIP
Proudly Hosting 6 NOV 2022 Sunday
SWIM CYCLE RUN

MOSSEL BAY | HARTENBOS | GREAT BRAK RIVER | HERBERTSDALE

Anti-Fraud Hotline: 0800 333 466